JUNIOR KOK (A)

Graad 1

A DOEL

Om die Penkop en Drawwertjie:

1. Te help om selfvertroue en vaardigheid te ontwikkel om vir homself iets te ete voor te berei.
2. Te leer om na die tyd op te ruim.

B VEREISTES

Die Penkop en Drawwertjie moet:

1. Weet hoe om ‘n elektriese stoof met veiligheid te gebruik.
2. Verskillende soorte messe wat in die kombuis gebruik word, uitken en gebruik.
3. ‘n Rasper kan gebruik.
4. Weet hoe werk ‘n blikoopmaker.
5. ‘n Elektriese ketel veilig kan gebruik.
6. Die volgende prakties maak en voorsit:
   - kaastoebroodjie,
   - roereier,
   - koppie tee of koffie,
   - ‘n blikkie met ‘n oopmaker oopmaak om inhoud te gebruik.
7. ‘n Tafel vir ete dek.
8. Die belangrikheid van ‘n tafelgebed besef.
9. ‘n Snywond en ‘n brandwond kan behandel.
10. In alle gevalle die kombuis weer opruim en die voorraad wegpak.

C AANBIEDING

1. Hierdie spesialisasie is nie vir rowwe kampomstandighede geskik nie.
2. Beplan en bespreek ‘n werksverdeling vooraf met die groep. Wees streng. Elkeen moet sy deel van opruim doen.
3. Vereistes 1 tot 5 word in die kombuis behandel en gedemonstreer. Dit is raadsaam om hierdie aksies met hulle te bespreek en hulle kans te gee om dit tuis te oefen voor die dag van toepassing.
4. Vereiste 6. Elke kind moet al die geregte maak. Dit is nie ‘n spanpoging nie.
5. Vereiste 7. Elke kind moet ‘n tafel dek. Dit is nie ‘n spanpoging nie.
6. Vereiste 8. Om die kind die belangrikheid van tafelgebed uit te wys en hoekom ons aan tafel behoort te bid.
7. Vereiste 9. Wys die kind wat om eerste te doen wanneer ‘n snywond en brandwond opgedoen word en hoe om die wonde te behandel.
8. Vereiste 10. Maak seker dat elke kind help met die opruim en wegpak van voorraad.